



Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Geagte ouers

Hoërskool Fichardtpark het onlangs Lentedag gevier en dit is met groot opgewondenheid dat ons die nuwe seisoen tegemoet gaan. 'n Spesiale woord van dank aan mev. Sunette Burger en die Leerderraad se Sosiale Komitee vir die beplanning van 'n opwindende Lentedag.

Sosiale media

Hoërskool Fichardtpark is baie trots op die feit dat ons tegnologie tot ons voordeel kan aanwend. As gevolg van die vreemde, uitdagende tye waarin ons leef, word die skool se uitslae en mooi prestasies op Facebook en Instagram bekendgemaak. Spesiale geleenthede soos prysuitdelings en ander saalgeleenthede word na die klaskamers gestroom. Hierdie reëling stel die skool in staat om steeds as 'n eenheid in mekaar se vreugde te deel, maar verseker ook elke leerder se veiligheid, aangesien die sameroeping van kleiner groepe in lyn met die skool COVID-19-regulasies is. Ons ouers kan dus óók via DigiTV inskakel om deel te hê aan hierdie spesiale geleenthede.



Kontak Nommer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

www.fpark.co.za

Hoërskool Fichardtpark is al 'n geruime tyd hard aan die werk om die gemeenskap en leerders te bemagtig om sosiale media reg en tot voordeel van ons skool te gebruik. Baie dankie aan ouers en leerders wat so positief gereageer het. Daar is ongelukkig steeds mense wat sosiale media verkeerd aanwend deur, onder andere, fopnuus oor skoolverwante sake te versprei. Hiermee rig ek 'n ernstige versoek aan die betrokke partye om hulle te weerhou van sulke praktyke. Kontak gerus die skool indien u enige vrae het.

Webtuiste

Ons nooi almal uit om ons skool se opgedateerde webtuiste te gaan besigtig.

Akademie

Ons gr.12-leerders is hard besig met hulle Rekordeksamen. Ons bid vir elke leerder en weet dat dit goed sal gaan. Ons wil ook die gr.8- tot 11-leerders alle sterkte toewens vir die mini-eksamen wat 17 September begin.

Matriekafskeid

Die Matriekafskeid sal op 30 September by Leopards & Lace plaasvind. Streng COVID-19-protokolle sal gehandhaaf word. Dit is ons wens dat die opbou na hierdie spesiale geleentheid 'n opwindende tyd in die hart van elke gr.12-leerder sal wees.

Geboue en terrein

Daar vind heelwat ontwikkeling en verandering op die skoolterrein plaas – die grootste hiervan is seer sekerlik die bou van die Astro. Ons wil ouers verseker dat hierdie ontwikkeling tot voordeel van die Fichie-familie is. Ons het ook wonderlike borge wat ons in die proses ondersteun.

Begroting

Die Beheerliggaam is tans besig met die begrotingsproses van 2022. Baie sterkte met hierdie uitdagende proses. Die Fichie-familie waardeer die tyd en moeite wat elke rolspeler aan die dag lê en ons dra u en die besluite wat geneem word op aan ons Hemelse Vader.

COVID-19: positiewe gevalle

Die situasie ten opsigte van positiewe gevalle lyk tans as volg:

Gr.8: 0

Gr.9: 0

Gr.10: 0

Gr.11: 0

Gr.12: 1

Totaal: 1

Dit is wonderlik om as Fichie-familie hande te vat in die hoop vir 'n beter môre en om saam te bou aan ons einddoel: om as kinders van die Here 'n verskil te maak.

Fichie-groete



H VAN DER MERWE
SKOOLHOOF
2021-09-13